## 385 Ons vaders se geloof leef voort







Gevang'nis was ons vaders lot, tog was hul in gewete vry.
Hoe graag sou ook hul kroos vir God en Kerk as martelaars gaan ly.

*R. Nog leef ons vaders se geloof, ons sweer dit trou tot in die dood,*
*ons sweer dit trou tot in die dood.*

Ons vaders se geloof is dié wat lei na eenheid, heiligheid,
van die apostels, wêreldwyd; daaraan is ons so toegewyd. ***R.***

Deur hulle se geloof te leer, en so daarvan met lof te sing,
sal ons getuig met liefde teer en dit deur woord en daad laat dring. ***R.***

Vr. Frederick W. Faber C.O. (1814-63) “St. Katerina” melodie deur Henri F. Hemy (1818-88)